**CHANGE – Bybelstudie - Week 2:**

*Hieronder is 'n teksvers vir elke dag van die week. Die challenge is om elke dag van die week die vers vir die dag te lees, daaroor te gaan nadink en dan in hierdie week dit met iemand te share – op enige manier wat vir jou werk. Vra vir jouself: Wat beteken dit vir jou? Wat dink jy wil die Here vir jou daarin sê? Hoe daag dit jou uit om anders te begin dink en anders te praat?*

*Kyk na hierdie video onder preke oor die impak van ons woorde..*

**Maandag: Genesis 1:1-3** "*In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef. Toe het God gesê..."*

**Dinsdag: Spreuke 18:21** *"Die tong het mag oor dood en lewe; die wat lief is om te praat sal die gevolge daarvan dra."*

**Woensdag: Psalm 14:3** *"Sit 'n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê."*

**Donderdag: Jakobus 3:2-5** "*Ons struikel almal in baie opsigte. As iemand nooit struikel in wat hy sê nie, is hy volmaak. Vir perde sit ons 'n stang in die bek, en dan gehoorsaam hulle ons en het ons hulle hele liggaam onder beheer. Dink ook maar aan skepe: al is hulle baie groot en al is die winde wat hulle aandryf, baie sterk, word hulle tog met 'n baie klein roertjie gestuur net waarheen die stuurman wil. So is die tong ook maar 'n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag."*

**Vrydag: 1 Petrus 3:15** *"In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee van elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe."*

**Saterdag: Johannes 1:1-5** *"In die begin was die Woord en die Woord was by God en die Woord was self God. Alles het deur Hom tot stand gekom. Nie 'n enkele ding wat bestaan het sonder Hom tot stand gekom nie. In Hom was daar lewe en die lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis en die duisternis kon dit nie uitdoof nie."*

**Sondag: Psalm 19: 8-11** *"Die woord van die Here is volmaak; dit gee lewe... dit gee wysheid aan die wat nog onervare is... dit bring blydskap... dit gee insig... dit staan altyd vas. Hulle is kosbaarder as goud, selfs as baie goud, soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek."*